

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 8: *Vayish'lach* – En Hy Het Gestuur

Ya'akov het boodskappers voor hom uitgestuur na sy broer 'Esav in die land van Se'ir, die land Edom,... Gen. 32:3 – PWL¹

Torah: Gen. 32:3 tot 36:43

Haftorah: Hosea 11:7 tot 12:12

Nuwe Verbond: Matt. 26:36 tot 46; Rom. 12:19; Fil. 3:5; Heb. 8:8; Jak. 7:4 tot 10.

Skriftestudie: Die Verbond en die Torah: Die Twee Verbonde: Deel 2.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige vier jaar se notas vir Parashah 8 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Who is the wise man? The one who learns from everyone. Who is the strong person? The one who conquers his negative impulses. Who is the wealthy person? The one who is happy with his portion. Who is the honorable person? The one who honors others – Anonymous.

Torah Bespreking

Hersiening

Verlede week se Torahskriflesing het begin waar Jakob van sy ouerhuis weggevlug het uit vrees vir sy broer Esau. Jakob se keuse om in die plek van Esau die seën van die eersgeborene te ontvang, het van hom 'n vlugteling gemaak. Hy het Ooswaarts gevlug na Babilon waar sy oupa Abraham vanaf gekom het.

Jakob was deur God self gekies om 'n sleutelrol te speel in יהוה se totale verlossingsplan van herstel deur Yeshua die Messias. En tog moes Jakob vir 20 jaar 'n veeherder wees voor hy genoeg bymekaar gemaak het om 'n huishouding te kon bekostig. Jakob moes eers in

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

konfrontasie met homself kom alvorens hy 'n geskikte werktuig in יהוה se hande kon wees. Hy moes homself eers voor יהוה verneder, sodat God hom kan verhoog (Jak. 4:6 tot 9). In vele opsigte kan ons met Jakob identifiseer, en daar is ook veel om te leer uit die lewe van Jakob!

The more we study the Word of יהוה and the examples of the lives of those showcased therein, the more we can learn about our own lives. So study the recorded events about the lives of יהוה's servants of old to learn wisdom for your daily life and spiritual walk – Nathan Lawrence; Vayetze.

Jy Sal Yisra'el Genoem Word

In hierdie week se Torahskriflesing leer ons van Jakob se naamsveranderende ontmoeting met יהוה – hy sal voortaan Yisra'el genoem word! Hierdie “nuwe” naam het die Man met wie Jakob tot dagbreek gestoei het vir Jakob gegee!

Hy sê: “Jy sal nie meer Ya'akov genoem word nie, maar Yisra'el, want jy het krag soos 'n prins gehad teenoor God en die mense en het oorwin.” Gen. 32:28

God het vir hom gesê: “Jou naam is Ya'akov; jy sal verder nie Ya'akov genoem word nie, maar Yisra'el sal jou naam wees” en Hy het hom Yisra'el genoem. Gen. 35:10.

Yisra'el beteken “hulle oor wie Hy heers”, en is saamgestel uit *Yisra'* wat beteken: “hy sal heers” en uit *El* wat beteken: “Magtige God”.

Daarom is Yisra'el se daaglikse belydenis:

Sh'ma Yisra'el, Yahuah Eloheinu, Yahuah egad.

Luister, oor wie Hy heers as Magtige God, Yahuah (יהוה) is ons God, Yahuah is Een.

Die volk Yisra'el sal dus ook ewiglik hulle wees waaroor יהוה heers – Sy uitverkore volk! En, baie belangrik, Yisra'el sal die volk wees deur wie die belofte wat יהוה aan Abraham gemaak het, vervul sou word, naamlik:

² en Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou karakter en outoriteit (naam) groot maak en jy sal 'n seën wees

³ en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word.” Gen. 12:2 en 3

Hierdie belofte aan Abraham, naamlik *in jou sal al die families van die aarde geseën word*, verwys terug na die sondeval en na die saad van die vrou wat die kop van die slang (Satan) sal vertrap:

¹⁴ Toe sê יהוה-God aan die slang: “Omdat jy dit gedoen het, is jy meer as al die vee en al die diere van die veld vervloek. Jy moet op jou maag seil en jy moet stof eet al die dae van jou lewe.

¹⁵ Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar Saad. Hy sal jou kop vertrap en jy sal Sy hakskeen byt.” Gen. 3:14 en 15.

Yisra'el is deel van יהוה se Raadsplan om alles deur Yeshua, Die Gesalfde Een, te herstel soos dit aan die begin voor die sondeval was. Deur Abraham, Isak en Jakob, en Jakob se nageslag, is die belofte van Die Gesalfde Een wat sou kom, vervul.

Maar Yisra'el is nie net die naam van יהוה se volk nie, maar ook die naam van יהוה se Koninkryk. יהוה sal oor Yisra'el regeer – oor Sy volk en oor Sy Koninkryk vir ewig!

Daarom is dit uiters belangrik dat ons onder die bedeling van die nuwe verbond moet weet wie is Skriftuurlike, naamlik die ware Yisra'el en waar is יהוה se Koninkryk! Soos eindtydgebure toenemend rondom ons ontvou, is die antwoord op hierdie vrae van kardinale belang, want dit sal in die einde van dae ons geestelike en fisiese eindbestemming bepaal!

Derdens, en ewe belangrik, moet ons seker maak dat ons die Torah van יהוה, soos dit in Yeshua vervul is en in die nuwe verbond uiteengesit word, noukeurig volg.

Wie Is Israel?

Abraham kan beskou word as die vader van Yisra'el en van die Beloofde Land Kanaän, as die Koninkryk van יהוה. Aan Abraham het יהוה die belofte gegee en gesê: *Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën..... en in jou sal al die families van die aarde geseën word.....en aan jou nageslag sal ek hierdie land gee* (Gen. 12:2, 3 en 12; Gen. 15:18 tot 21).

Die belofte van die nageslag in wie al die families van die aarde geseën sou word, het יהוה by wyse van 'n eedswering gemaak (Gen. 12:2 en 3; Heb. 6:13), terwyl die belofte van die grondgebied – die Koninkryk – het יהוה by wyse van 'n bloedverbond met Abraham bekragtig (Gen. 15:8 tot 21).

Beide hierdie beloftes aan Abraham is ook aan Isak en Jakob oorgedra. Al drie het dus vertroue gehad in die Messias wat volgens יהוה se belofte sou kom en vertroue gehad in die Beloofde Land waar יהוה se Koninkryk gevestig sou word.

In vertroue is hulle almal dood, sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit op 'n afstand gesien en hulleself daarin verheug en het erken dat hulle vreemdelinge en nomades op aarde is. Heb. 11:13.

In gesprek met die Jode het Yeshua vir hulle gesê:

Avraham, julle vader, het begeer om My dag te sien en hy het dit gesien en hom verheug.” Joh. 8:56.

Dit is daarom duidelik dat יהוה se volk, Yisra'el, diegene was, en steeds is, wat vertroue het in Yeshua, Die Gesalfde Een!

Hierdie feit word deur die Skrifte van die nuwe verbond bevestig, naamlik dat almal wat in Yeshua as Die Gesalfde Seun van God glo, die ware Yisra'el is – die uitverkore volk van יהוה.

Paulus skryf in Gal. 3:7 en 29 die volgende:

7 Weet daarom dat dié wat uit die vertroue is, hulle is kinders van Avraham.

29As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename.

Op grond van ons vertroue in Yeshua, Die Gesalfde Een, is ons dus kinders van Abraham, naamlik sy nageslag en dus ook sy erfgenaam.

14 want as hulle erfgename is vanuit die geskrewe wet, dan het vertrou geen doel nie en is die belofte gekanselleer,

15 want die geskrewe wet bring straf, maar waar geen geskrewe wet is nie, is daar ook geen oortreding van die geskrewe wet nie.

16 As gevolg hiervan sal iemand deur vertrou, wat uit onverdiende guns is, onskuldig verklaar word en sal die belofte seker wees vir al sy saad; nie alleen vir dié wat uit die geskrewe wet is nie, maar ook vir dié wat uit die vertrou van Avraham is, die vader van ons almal. Rom.4:14 tot 16.

Abraham is ook die aardsvader van die onbesnedene (Rom. 4:11). Ons is die kinders van Abraham uitsluitlik op grond van die onverdiende guns van יהוה deur vertrou in Yeshua. Hierdie belofte staan vas vir die hele nageslag, naamlik vir Jood en nie-Jood (Rom. 4:16). Elkeen wat uit die vertrou is, word saam met Abraham geseën (Gal. 3:9). Om die nageslag (kinders) van Abraham te wees is dus nie op grond van verdienste nie; ook nie deur die Torah van Moses te onderhou, of op enige ander wyse nie. Dit is alleenlik deur vertrou!

Dit is vertrou dat יהוה die belofte *en in jou sal al die families van die aarde geseën word* vervul het wat ons die nageslag van Abraham maak. Abraham is deur vertrou onskuldig verklaar (Gen. 15:6; Rom. 4:9) en hierdie vertrou was ondermeer in die goeie boodskap (evangelie):

God het van voor dít af geweet dat die ander nasies deur vertrou onskuldig verklaar sou word voordat aan Avraham die goeie boodskap verkondig is, soos die afgesonderde Skrifte sê: “In jou sal al die nasies geseën word. Gal. 3:8

En dit is alleenlik deur hierdie vertrou wat ons onskuldig verklaar word. Vertroue is dus die gemeenskaplike faktor van ons familie verbintenis met Abraham.

Opsomming: Elke gelowige in Yeshua word deel van יהוה se volk, naamlik Yisra’el, wat met Abraham as vader begin het. Daar is nie meer ‘n onderskeid tussen Jood of Griek nie of tussen slaaf of vryman nie of tussen man en vrou nie, want ons is almal een in Yeshua Die Gesalfde Een (Gal. 3:28). Ons is almal die kinders van Abraham wat deur vertrou in Yeshua as Die Gesalfde die kinders van יהוה, naamlik Sy volk Yisra’el geword het.

Yisra’el is dus **nie** net die fisiese nageslag van Abraham nie soos Paulus dit baie duidelik stel:

6 Dit is nie asof die boodskap van God gefaal het nie, want nie almal wat vanuit Yisra’el is, is Yisra’el nie.

7 Ook nie omdat hulle almal Avraham se nageslag is, is hulle kinders nie, want dit is gesê: “in Yitz’gak sal hulle jou nageslag genoem word.”

8 Dit is: nie dié wat kinders van die vlees is, is kinders van God nie, maar die kinders van die belofte word gereken as nageslag. Rom. 9:6 tot 8.

יהוה heers oor elkeen wat vertrou het in Yeshua as Die Gesalfde Een, want dit is wie Sy volk Yisra’el is en dit sluit Jode en nie-Jode in!

Waar is יהוה se Koninkryk?

Net voor Yeshua opgeneem is in die hemel wou Sy studentevolginge weet wanneer die herstel van die Koninkryk van Yisra’el plaas gaan vind.

6 Toe hulle saam met Hom was, vra hulle vir Hom en sê: “Ons Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk van Yisra’el herstel?”

7 Hy antwoord hulle: “Dit is nie vir julle om die vasgestelde tye te ken wat die Vader deur Sy eie Outoriteit bepaal het nie,

8 maar wanneer die Gees wat Afgesonderd is oor julle kom sal julle krag ontvang en julle sal My getuies wees in Yerushalayim en in die hele Y’udah en ook in Shomron en tot by die grense van die aarde.” Hand. 1:6 tot 8

Die studentevolgelinge het ‘n verwagting gehad dat Yeshua volgens die profesie in Jes. 9:3 tot 7 die Koninkryk gaan herstel soos dit in die tyd van Dawid was.

3U het die nasie vermenigvuldig, hulle vreugde vermeerder; hulle was vrolik in U Teenwoordigheid, soos met die vrolikheid van oestyd, soos mense in die rondte swaai van vreugde as hulle die buit verdeel,

4want U het die juk van hulle las, die staf op hulle skouers, die lat van hulle onderdrukker, soos met die geveg van Midyan, verbreek,

5want elke stem wat gehoor word, bring verskrikking en klere wat in bloed gerol is, maar dit sal wees om te verbrand; brandstof vir die vuur,

6want ’n jong Seun is vir ons gebore, ’n Seun is vir ons gegee; die regering sal op Sy skouers rus; Sy Naam (Karakter en Outoriteit) word genoem: Wonderlike Raadgewer, Magtige God, Ewige Prins van Vrede.

7Daar sal geen einde wees aan die vermeerdering van Sy regering en van Sy vrede, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, nie; om dit te bevestig en dit in stand te hou met regverdigheid, onpartydige opregtheid, van toe af aan en vir ewig. Die ywer van יהוה-Tzva’ot sal dit uitvoer.

Maar Yeshua het Sy studentevolgelinge geantwoord: *Dit is nie vir julle om die vasgestelde tye te ken wat die Vader deur Sy eie Outoriteit bepaal het nie.* Met hierdie antwoord het Yeshua bevestig dat dit die Vader is wat sal bepaal wanneer die fisiese Koninkryk van Yisra’el herstel sal word.

Tweedens het Yeshua vir hulle gesê dat wanneer die Gees van Afsondering oor hulle kom, sal hulle krag ontvang en hulle sal Sy getuies wees in Jerusalem en in die hele Judea en ook in Samaria en tot by die grense van die aarde. Die studentevolgelinge moet die getuies wees dat יהוה se Hemelse Koninkryk gekom het en dat hulle hierdie Koninkryk moet vestig deur hierdie goeie boodskap aan die ganse skepping te gaan verkondig en om dissipels te maak wat alles sal onderhou wat Yeshua hulle geleer het.

Met die folterdood en opstanding van Yeshua het die fisiese Koninkryk (Yisra’el) ‘n geestelike (Hemelse) Koninkryk geword, want sy eie volksgenote het Hom verwerp (Joh. 1:11)!

11Hy het na wat Syne is, gekom en Sy eie het Hom nie ontvang nie,

12 maar aan dié wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die outoriteit gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Karakter en Outoriteit vertrou;

יהוה se Koninkryk sal ‘n hemelse Koninkryk bly totdat יהוה-God self sal besluit wanneer die fisiese Koninkryk (die land) van Yisra’el weer herstel sal word! Daar het ‘n tydelike oorgang van die fisiese (aardse) Koninkryk na die geestelike (Hemelse) Koninkryk plaasgevind. Die volgende Skrifte is bevestiging hiervan:

20Toe sommige Fariseërs hom vra wanneer die Koninkryk van God kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: “Die Koninkryk van God kom nie sigbaar nie

21 en hulle sal ook nie sê: ‘Let op, dit is hier!’ of: ‘Let op, dit is daar!’ nie, want let op, die Koninkryk van God is in sommige van julle.” Luk. 17:20 en 21.

Let op Yeshua se woorde: *die Koninkryk van God is in sommige van julle!* Dit beteken dat יהוה se Koninkryk is net in en tussen diegene wat vertrou het dat Yeshua die Messias is!

Teenoor Pilatus het Yeshua ook bevestig dat Sy Koninkryk nie van hierdie wêreld is nie:

Yeshua antwoord: “My Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. As My Koninkryk van hierdie wêreld was, sou My dienaars geveg het sodat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie, maar My Koninkryk is nie nou van hier nie.” Joh. 18:36.

Let op Yeshua se woorde: *maar My Koninkryk is nie nou van hier nie!* Hiervolgens is dit glashelder duidelik dat יהוה se fisiese Koninkryk nie hier op aarde gevestig is nie – dit sal wel in die toekoms so wees, maar op ‘n tyd wat יהוה sal bepaal!

Daarom moet ons as gelowiges in Yeshua as Die Gesalfde Een se oë gevestig wees op die hemelse Jerusalem.

12 daarom het Yeshua ook, om die mense deur Sy eie bloed af te sonder, buitekant die stad gely;

13 daarom moet ons ook uitgaan na Hom toe, buitekant die kamp, terwyl ons Sy skande dra,

14 want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons kyk uit vir die één wat kom. Heb. 13: 12 tot 14.

Elkeen wat deur vertrou in Yeshua as Die Gesalfde Een deur die Gees van God wedergebore is, het gekom by die berg Sion en die hemelse Jerusalem en is deel van die vergadering van tien duisende engele en die gemeente van eersgeborenes!

22 Julle het egter gekom by die berg Tziyon en die stad van die lewende God, die hemelse Yerushalayim en vergadering van tien duisende engele,

23 by die gemeente van eersgeborenes wat in die hemel opgeskrywe is en by God, die Regter van almal en by die geeste van die onskuldiges wat volmaak gemaak is

24 en by Yeshua, die Tussenganger van die nuwe verbond en die sprinkeling van bloed wat duideliker praat as dié van Hevel. Heb. 12:22 tot 24.

Sarah en Hagar is ook ‘n sinnebeeld van hierdie geestelike waarheid soos wat Paulus dit in Gal. 4:22 tot 26 verduidelik!

22 Want daar is geskrywe: “Avraham het twee seuns gehad, een vanuit ’n slavin en een vanuit ’n vry vrou,

23 maar hy wat vanuit die slavin gebore is, is na die vlees gebore, maar die een vanuit die vry vrou deur die belofte.

24 Hierdie is ’n illustrasie van twee verbonde: een, wat kom van die berg Sinai, wat geboorte gee in slawerny: dit is Hagar,

25 want Hagar staan vir die berg Sinai wat in Arabië is en oorgee aan die Yerushalayim van nou, wat saam met haar kinders in slawerny is,

26 maar daardie Yerushalayim is die vry vrou: wat ons almal se moeder is.

Toe Paulus hierdie brief geskryf het, was die bestaande Jerusalem in geestelike slawerny omrede hulle Yeshua verwerp het en daarom was hulle steeds slawe onder die tugmeester van die wet, die Torah van Moses! En ja, die Jerusalem van die hede is ook in geestelike slawerny, want Rabbynse Judaïsme verwerp steeds Yeshua as Die Gesalfde Een!! Maar elkeen wat vertrou in Yeshua as die Gesalfde van יהוה is bevry van daardie slawejuk en deel van die hemelse Jerusalem!

Maar ons volg in die voetspore van ons voorvaders van Yisra'el wat ook verlang het na die hemelse Jerusalem:

13 In vertroue is hulle almal dood, sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit op 'n afstand gesien en hulleself daarin verheug en het erken dat hulle vreemdelinge en nomades op aarde is,

14 want die wat sulke dinge sê, wys dat hulle vir hulle 'n stad soek.

15 As hulle na dié stad waaruit hulle weggetrek het, gesoek het, was daar vir hulle tyd om weer daarheen terug te gaan,

16 maar nou is dit duidelik dat hulle na 'n beter een verlang; na dit wat in die hemel is; daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad voorberei. Heb. 11:13 tot 16.

Onder die nuwe verbond in Yeshua is die Koninkryk van Yisra'el nie 'n fisiese Koninkryk nie, maar wel 'n geestelike wat bestaan uit elkeen wat vertrou in יהוה se onverdiende guns in Yeshua, Die Gesalfde Een! As gelowiges bou ons aan יהוה se Hemelse Koninkryk tot Yeshua weer sal kom om dit wat geestelik is weer fisies te herstel.

In hierdie hemelse Koninkryk is ons as die ware Yisra'el, naamlik Jood en nie-Jood wat Yeshua as Messias bely en dus die geestelike afstammeling van Abraham is – die lewende tempel (1 Kor. 3:16 en 17, 2 Kor. 6:14 tot 18).

21 In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה

22 terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees. Efes. 2:21 en 22.

יהוה se Koninkryk, Yisra'el, is in, en tussen, dié wat bely dat Yeshua Die Gesalfde van יהוה is, en dit is huidig nie beperk tot 'n bepaalde grondgebied of gebou nie. Daar waar ons onsself bevind, daar is Yisra'el – daar is Sy volk en daar is Sy Koninkryk!!

Die Torah Van Die Nuwe Verbond

Volgens Heb. 7:11 tot 28 het daar 'n verandering in die Torah van Moses gekom op grond van die folterdood en opstanding van Yeshua wat die skuldbrief van die Torah van Moses aan die kruis vasgeslaan het (Kol. 2:14). Skriftuurlike Yisra'el volg dus die Torah van יהוה soos dit in die nuwe verbond openbaar gemaak word.

Bevestiging hiervan vind ons ondermeer in Paulus se woorde in Rom. 10:4:

want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou.

Die Torah van Moses was 'n gids (tugmeester) om Yisra'el in bewaring te hou tot Yeshua sou kom!

24 Die geskrewe wet was dus vir ons 'n gids na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertroue,

25 maar sedert die vertroue gekom het, is ons nie onder 'n gids nie, Gal. 3:24 en 25)!

Paulus verduidelik dit verder soos volg:

1 Ek sê: solank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy nie van die slawe nie, alhoewel hy hulle almal se meester is,

² maar hy staan onder voogde en toesighouers tot op die tyd, soos deur sy vader bepaal is.

³ So was ons ook, toe ons kinders was, in slawerny onder die beginsels van die wêreld,

⁴ maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en onderworpe aan die geskrewe wet,

⁵ om die wat onder die geskrewe wet was, los te koop sodat ons die aanvaarding as kinders kon ontvang,

⁶ maar omdat julle kinders is, het God die Gees van Sy Seun in julle verstand, wil en emosie gestuur, wat uitroep tot die Vader: "Ons Vader!" Gal. 4:1 tot 6.

Onder die Torah van Moses van die ou verbond was Yisra'el soos minderjarige kinders wat nie verskil van slawe nie en wat onder die gesag van 'n gids (tugmeester) gestaan het. Maar op 'n tydstip soos deur die Vader bepaal was, het Yeshua gekom om Yisra'el los te koop sodat hulle as mondige kinders aanvaar kon word.

Dit beteken dat weens ons vertroue in Yeshua se folterdood en opstanding as die versoening met יהוה, het ons verhouding met die geskrewe wet verander. Ons is nie meer 'n 'n kind, wat onder 'n tugmeester (gids) is nie, maar 'n volwaardige erfgenaam wat vrygemaak is van die geskrewe wet wat van ons slawe gemaak het.

Hierdie verandering is nie deur verdienste nie, naamlik nie deur ons werke (onderhouding) van die geskrewe wet nie, maar alleenlik deur die onverdiende guns van יהוה soos aan ons bewys word deur vertroue in Yeshua!

Om 'n minderjarige kind te wees is dus om onder die geskrewe Torah van die ou verbond te wees, maar deur vertroue in die folterdood en opstanding van Yeshua word ons deur Vader-God aanvaar as kinders wat mondig geword het en dus al die voorregte van 'n erfgenaam deelagtig is!

Maar nou ontvang ons deur vertroue 'n nuwe gids (tugmeester), naamlik die Afgesonderde Gees wat ons leer, herinner en kragdadig in ons werk om in alles aan Vader gehoorsaam te wees. Dit is nie meer ons nie, maar die Gees in ons!!

Maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees wat Afgesonderd is, wat My Vader in My Karakter en Outoriteit sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 14:26

Die Gees is die Bevryder en Lewegewer wat ons herinner dat ons vrygespreek is van die geskrewe wet aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons Vader nie meer volgens die letter van die geskrewe wet dien nie, maar as slawe van wat nuut is uit die Gees!

Maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie. Rom. 7:6.

Volgens hierdie verandering in die Torah van Moses is daar nie meer 'n fisiese tempel nie, want in Yeshua is ons die tempel van die Afgesonderde Gees (1Kor. 3:16; 2Kor. 6:16). Daarom is die Levitiese priesterorde met die orde van Malki-Tzedek (Melgisédek) vervang. Ons dien in 'n Hemelse Koninkryk as 'n koninklike priesterdom onder ons ewige Koning en Ewige Malki-Tzedek Hoofpriester!

Ons word herinner aan Paulus se woorde:

7 As die bediening van die dood, die geskrewe woord wat op klippe gegraveer is, in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid gekom het sodat die seuns van Yisra'el nie kon kyk na die gesig van Moshe nie as gevolg van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid op sy gesig, wat verbygaan,

8 hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid wees nie? 2Kor. 3:7-8.

Onder die nuwe verbond is ons dus bedienaars van die Gees wat lewe gee en waar die Gees is, is daar vryheid!

יהוה is die Gees en waar die Gees van יהוה is, daar is vryheid. 2Kor. 3:17.

En dan ook Paulus se verduideliking in Rom. 8:1-4:

1 Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie,

2 want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood,

3 want omdat die wet swak was, deur die sieklikheid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel

4 sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees.

‘n Nuwe verbond beteken ‘n “nuwe” Torah – ‘n nuwe dimensie van יהוה se Torah wat in ‘n nuwe bedeling van יהוה se Raadsplan van toepassing is. Die doel met die Torah van Moses is bereik en nou het die praktiese toepassing van die Torah van Moses in vele opsigte verander. Die Torah van Moses word nie verwerp nie, want ek kan die Torah van die nuwe verbond slegs volledig verstaan, nie net in die lig van die Torah van Moses nie, maar in die lig van יהוה se Torah van die begin van die Skepping af. Die nuwe kan slegs volledig verstaan word as ek die volheid van die vorige dele en toepassings van יהוה se Torah verstaan. Ons kan dus nooit enige deel van יהוה se Torah soos dit aan ons van die begin af openbaar gemaak is, weggooi, omdat ons die 'nuwe' ontvang het nie. Dit is juis deur die vorige openbaringe dat ons die nuwe volledig kan verstaan. יהוה se Torah is ewig en ons sal slegs die volheid daarvan in die Teenwoordigheid van יהוה verstaan.

Mag ons oë oopgaan om te verstaan dat ons alleenlik deur die werking van die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons, aan יהוה se Torah van die nuwe verbond gehoorsaam kan wees. Wat vir die sondige vlees onmoontlik was, is deur die Afgesonderde Gees moontlik. Dit alles is יהוה se onverdiende guns wat Hy aan ons bewys deur Yeshua Die Gesalfde Een!!

Bepeins of Bespreek

1. Die Hemelse Koninkryk van יהוה moet eerstens in jou en my gevestig word (Matt. 6:33), alvorens jy en ek ‘n bydrae kan maak om dit hier op aarde uit te brei (“te vestig”). Elke gelowige in Yeshua Messias moet ‘n ‘mobiele mikrokosmos’ van יהוה se Koninkryk wees. יהוה se Koninkryk in die harte van mense bewerkstellig ‘n verandering aan die omgewing waarin elkeen beweeg. Dit is ‘n geestelike verandering wat in die fisiese realm wel sigbaar word.
2. יהוה heers deur Sy Seun Yeshua. Indien Yeshua deur ‘n individu of ‘n groep verwerp word, is dit nie meer יהוה wat as God oor die individu of groep heers nie, maar wel ‘n vreemde god. Dit is wat die olyfboom in Paulus se verduideliking in Romeine 11

uitbeeld. Die mak (oorspronklike) olyfboom verteenwoordig Yisra'el, waarop gelowige nie-Jode ingeënt is. Maar sommige van die oorspronklike takke wat afgebreek is, is die wat Yeshua verwerp het. Hierdie “afgebreekte takke” verteenwoordig Rabbynse Judaïsme wat hulself onder יהוה se heerskappy uitgeneem het! En tog glo Rabbynse Judaïsme dat hulle steeds onder יהוה se heerskappy staan. Sommige Christene en sommige gelowiges in die Messiaanse Beweging het dieselfde oortuiging! Is dit waar in die lig van wat Yeshua ondermeer in Joh. 8:42 en 44 gesê het?

Haftorah Bespreking

Hos. 11:7 tot 12:12 – Die Verlange van ‘n Vaderhart

Indien ons die profeet Hosea met hedendaagse profete vergelyk is daar een baie belangrike en uitstaande verskil. Hosea se boodskap was een van vermaning en tugtiging, naamlik dat die huis van Efraim terug moet keer tot gehoorsaamheid aan יהוה se Torah, terwyl hedendaagse profete in die huis van Efraim (verwysend na die Christendom as deel van die huis van Efraim) Torahloosheid (wetteloosheid) goed praat! Hosea se kernboodskap is juis een van tugtiging vir Yisra'el se minagting van יהוה se liefdevolle onderrig en instruksies, Sy Torah! Hedendaagse profete belooft egter voorspoed vir die wat sê dat hulle vry van יהוה se Torah (die wet) is.

Die openingswoorde van hierdie week se Haftorah is dan ook die volgende:

My volk is geneig om van My af weg te draai. Alhoewel hulle sal roep tot God, soek hulle raad onder mekaar en sal niemand Hom ophig nie. Hos. 11:7.

Dit sluit aan by die woorde van Hosea in vers 2

Net soos hulle geroep is, het hulle van My af weggegaan; hulle het aangehou om tot die Ba'als te offer en tot afgode wierook te brand.

Hierdie geestelike verval van Yisra'el word ook deur die profeet Jeremia soos volg beskryf:

25 Sedert die dag dat julle vaders uit die land van Mitzrayim uit gekom het, tot vandag toe, het Ek al My knegte, die profete, na julle toe gestuur, daagliks, vroeg opgestaan en hulle gestuur.

26 Tog het hulle nie na My geluister of hulle oor gedraai nie, maar hul nek verhard; hulle het meer boosheid as hul vaders gedoen. Jer. 7:25 en 26.

Hosea se aanklag teen Efraim is ook dat hulle יהוה met leuens en misleiding omring (Hos. 12:1) en dat hulle hul met wind besig hou (Hos. 12:2). Efraim het die oproep van die profete om tot God terug te keer geminag (Hos. 12:7) deur hulself te regverdig met die woorde:

Ek het sekerlik ryk geword, ek het rykdom vir myself gevind; in al my arbeid sal hulle geen onregverdigheid in my vind, wat sonde sou wees nie. Hos. 12:9.

Efraim van ouds het hulle eie onpartydige opregtheid opgerig en hulle het nie meer יהוה se onpartydige opregtheid geken of gesoek nie! Hulle rykdom en voorspoed was die susmiddel wat hulle oortuig het dat hulle sonder sonde was en dus onskuldig!

Ten spyte van Efraim se veelvoudige oortredinge bring Hosea die woorde van ‘n Vaderhart wat verlang dat Sy verlore seun moet terugkeer. יהוה herinner hulle daaraan dat Hy hulle

liefhet en daarom hulle van die Egiptiese slawejuk verlos het (Hos. 11:1). Hy het hulle in Sy arms geneem en leer loop (Hos. 11:3). Met koorde van liefde het Hy hulle gelei en het Hy neergebuig om hulle te voed (Hos. 11:4).

Die verlange van Vader-God dat Efraim moet terugkeer tot Sy huishouding van gehoorsaamheid aan Torah word deur die woorde van Hosea soos volg opgesom:

8 Hoe kan Ek jou opgee, o Efrayim? Hoe kan Ek jou oorgee, o Yisra'el? Hoe kan Ek jou maak soos Admah, jou behandel soos Tzvoyim? My verstand, wil en emosie is omgekeer in My, al My liefdevolle omgee is opgewek.

9 Ek sal nie My vreeslike toorn uitvoer nie; Ek sal Efrayim nie weer vernietig nie, want Ek is God en nie mens nie, die Afgesonderde Een in jou midde en Ek sal nie kom in toorn nie. Hos. 11:8-9.

Hosea profeteer van die dag wat Efraim sal terugkeer tot יהוה se onpartydige opregtheid en Torah-gehoorsaamheid – die terugkeer van die verlore seun!

10 Hulle sal agter יהוה aan loop; Hy sal brul soos 'n leeu; inderdaad sal Hy brul en Sy seuns sal bewend van die Weste af kom.

11 Hulle sal soos voëls bewend vanaf Egipte kom en soos duiwe uit die land van Ashur en Ek sal hulle plaas in hulle huise, verklaar יהוה. Hos. 11:10-11.

Bepeins of Bespreek

1. Is Christene se ontwaking ten opsigte van hulle Hebreuse wortels profesie wat besig is om in vervulling te gaan? Is die Christene wat met die huis van Efraim identifiseer diegene wat bewend van die Weste af kom en terugkeer tot vertroue in Yeshua as die Lam van God en tot gehoorsaamheid aan Torah? Verwys die *Weste* na Westerlinge en verwys Egipte en Ashur (Assirië) na Oosterlinge? Is die tien 'verlore stamme' besig om terug te keer na hulle Hebreuse wortels en om in die voetspore van die gemeente van Handeling te stap? Is hierdie bevestiging dat, soos Paulus dit in 1Kor. 10:11 stel, die einde van die wêreld by ons aangekom het?
2. Ons almal loop gevaar om ons eie onpartydige opregtheid op te rig, omrede ons nie יהוה se onpartydige opregtheid ken nie! Daarom moet ons leer uit die geskiedenis van die huis van Efraim en moet ons luister na Paulus se waarskuwing in 1Kor. 10:11-12!

Skriftestudie: Die Verbond en die Torah

Lering 5: Die Twee Verbonde: Deel 2.

Hersiening

In Deel 1 van Lering 5 is ondermeer die doel van die ou verbond bespreek, naamlik dat die ou verbond die leermeester was wat die verlange gewek het na iets beter, en wat die belofte van die Messias lewend gehou het. Die doel met die ou verbond was dus 'n tydperk waar die mens sy ontrouheid en onvermoë tot gehoorsaamheid aan Torah ontdek het, en bewus geword het van sy gevangenskap (slawerny) in sonde. Dit was 'n tydperk waar die verlange na 'n Verlosser in almal se harte gevestig en lewend gehou was. Dit het 'n verlange na Die Gesalfde Een gewek wat Yisra'el van die sondejuk sou verlos.

Onder die ou verbond het die Torah van Moses die mens dus voortdurend aangekla, skuldig bevind en gevonniss. Die Torah het nou 'n wet van sonde en dood geword (Rom. 8:2) en dit was die vloek van die wet, waarvan die mens bevry moes word (Gal. 3:13). Die Torah was nie die vloek nie, maar wel die skuldbrief teen die mens. Yeshua het namens ons hierdie skuld vereffen deur dit aan die folterpaal vas te nael (Kol. 2:14)! Daarom was Torah nie die probleem nie, maar wel die mens se onvermoë om dit in alle opsigte gehoorsaam te wees tot onpartydige opregtheid.

Dit was die tekortkoming van die ou verbond, naamlik dat die Torah nie gehoorsaamheid kon bewerkstellig nie, want dit was kragteloos weens die vleeslike (sondige) aard van die mens (Rom. 8:3). Derhalwe kon geen mens onpartydige opregtheid deur Torah-gehoorsaamheid verkry nie. Die tekortkoming van die ou verbond was dus nie 'n gebrek aan vertrouwe in יהוה nie, maar wel weens 'n onvermoë tot gehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit aan Moses by Sinai gegee was.

Maar deur יהוה se onverdiende guns van die tempel, priesterorde en offerandes het Hy Yisra'el in bewaring gehou tot Yeshua as Die Gesalfde van God sou kom. Dit is egter belangrik om te verstaan dat יהוה se onverdiende guns volgens die Torah van Moses gekoppel was aan die offerandes. Sonder die vergieting van bloed kon daar geen vergifnis van sonde wees nie (Heb. 9:22). Daarom moes daar daagliks en jaarliks die offerandes tot vergifnis van sonde gebring word soos dit ondermeer in Heb. 10:11 geskryf is:

Elke hoofpriester staan elke dag om te bedien en dieselfde offers te bring wat van die ou tyd af nooit die sondes kon verwyder nie,

Met verwysing na die onverdiende guns van die tempel, priesterdom en offerandes herinner die die skrywer van die brief aan die Hebreërs ons aan die belofte van die nuwe (hernieude) verbond in Heb. 8:6-12:

6 maar nou het Yeshua, Die Gesalfde Een 'n beter bediening ontvang as daardie, net soos wat die verbond ook beter is, waarvan Hy Tussenganger gemaak is, met beter beloftes as wat gegee is,

7 want as die eerste een sonder fout was, was daar nie plek vir hierdie tweede een nie,

8 want Hy vind fout met hulle en het gesê: “Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die huis van Yisra'el en oor die huis van Y'udah 'n nuwe verbond tot sy doel sal bring,

9 nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het, om hulle uit Mitzrayim uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp,” sê יהוה.

10 “Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra'el,” sê יהוה: “Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees

11 en hulle sal nie meer elkeen sy medemens en elkeen sy broer leer en sê: ‘Ken יהוה’ nie, want hulle almal sal My ken, vanaf hulle kleinste tot hulle oudste.

12 Ek sal hulle reinig van hulle oortredings van die wet en hulle sondes nie meer onthou nie.”

Die nuwe verbond met die huis van Yisra'el en met die huis van Juda is 'n beter verbond as die ou verbond wat יהוה met Yisra'el by Sinai gesluit het. Dit is, soos ons reeds in Lering 4 bespreek het, beter in die sin daarvan dat Yeshua die Middelaar en Waarborg van die nuwe verbond is. Maar wat dit presies behels sal in die verdere bespreking van die verskil tussen die ou- en die nuwe verbond duidelik word.

Slaaf of Kind?

In Gal. 4:21-31 vergelyk Paulus die ou- en die nuwe verbond met mekaar deur Sarah en Hagar as voorbeeld te gebruik. Sy vergelyking sentreer rondom die Torah van Moses en יהוה se onverdiende guns (genade) soos dit deur Yeshua openbaar gemaak is.

Die doel van Paulus se vergelyking is om dit duidelik te maak dat beide ons redding en ons afgesonderdheid (heiligmaking) alleenlik deur onverdiende guns is! Ons kan nie יהוה se onverdiende guns tot redding en ons eie pogings tot afgesonderdheid deur יהוה se Torah te gehoorsaam, meng nie!! Om dit te verstaan, moet ons onself eers aan die volgende herinner!

In sy briewe, veral in die brief aan die Romeine, maak Paulus dit baie duidelik dat ons alleenlik op grond van onverdiende guns gered word deur vertrouwe in Yeshua as Die Gesalfde van יהוה en nie deur onderhouding van Torah nie! Geen mens kan deur Torah-gehoorsaamheid (deur werke van die wet) regverdig (onpartydig en opreg) verklaar word nie!

Terwyl almal dit eens is dat ons alleenlik deur vertrouwe in Yeshua gered word, is daar egter 'n meningsverskil oor hoe handhaaf ons daagliks die regte verhouding met יהוה? Met ander woorde: Is afgesonderdheid (heiligmaking) deur onderhouding van die Torah of is dit ook deur vertrouwe en onverdiende guns? Die vraag kan ook soos volg gestel word: Is my verhouding met Vader-God prestasie gedrewe of is dit vertrouwe en onverdiende guns gedrewe? Word ons deur vertrouwe onskuldig verklaar en deur onderhouding van Torah geheilig (afgesonder)?

Paulus begin sy verduideliking met 'n vraag:

Julle wat onder die geskrewe wet wil wees, sê vir my, verstaan julle nie wat die geskrewe wet sê nie? Gal. 4:21.

Om hierdie vraag en antwoord te verstaan moet daar eers gekyk word na Paulus se vooraf verduideliking van die doel van Torah soos dit opgeteken is in Gal. 4:1-11.

Paulus begin deur 'n erfgenaam met 'n kind (Grieks: *nay'pe-eos*: 'n klein kindjie of minderjarige) te vergelyk wat ten opsigte van sy status nie verskil met 'n slaaf (dienskneg) nie, hoewel hy bestem is om eendag hulle meester te word. Maar tot dan is die *nay'pe-eos* onder voogde en toesighouers, en het die dieselfde status as 'n slaaf, tot die tyd soos deur die kind se vader bepaal sal word.

¹ Ek sê: solank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy nie van die slawe nie, alhoewel hy hulle almal se meester is,

² maar hy staan onder voogde en toesighouers tot op die tyd, soos deur sy vader bepaal is. Gal. 4:1-2.

Paulus sê dit is soos Yisra'el se verhouding met God onder die ou verbond was, naamlik toe hulle onder die gids (tugmeester) van die geskrewe wet was (Gal. 3:24). Maar toe die volheid van die tyd soos deur Vader-God bepaal was, aangebreek het, het Hy Sy Seun gestuur om

Yisra'el los te koop van die geskrewe wet (die gids; tugmeester) en het hy elkeen wat in Yeshua as Die Gesalfde Een vertrou as kinders (Grieks: *uie-oth-es-ee'ah*: aangenome en mondige kind) en as mede erfgenaam van Yeshua aanvaar.

³ So was ons ook, toe ons kinders was, in slawerny onder die beginsels van die wêreld,

⁴ maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en onderworpe aan die geskrewe wet,

⁵ om die wat onder die geskrewe wet was, los te koop sodat ons die aanvaarding as kinders kon ontvang. Gal. 4:3-5.

Met Yeshua se folterdood en opstanding is ons dus losgekoop van die vloek van die wet en word ons deur vertrou in Yeshua aanvaar as Sy kinders wat geestelik mondig geword het! Daarom het Vader-God die Afgesonderde Gees in ons harte uitgestort en roep die Gees in ons uit: "Ons Vader!"

maar omdat julle kinders is, het God die Gees van Sy Seun in julle verstand, wil en emosie gestuur, wat uitroep tot die Vader: "Ons Vader!" Gal. 4:6

Dit beteken dat weens ons vertrou in Yeshua se folterdood en opstanding as die versoening met יהוה, het ons verhouding met die geskrewe wet verander. Ons is nie meer 'n *naype'eos*, 'n kind, wat onder 'n tugmeester (gids) is nie, maar 'n volwaardige erfgenaam ('n *uie-oth-es-ee'ah*) wat vrygemaak is van die geskrewe wet wat van ons slawe gemaak het.

Hierdie verandering is nie deur verdienste nie, naamlik nie deur ons werke van die geskrewe wet nie, maar alleenlik deur die onverdiende guns van יהוה soos aan ons bewys word deur vertrou in Yeshua!

Om 'n *naype'eos* te wees is dus om onder die geskrewe Torah van die ou verbond te wees, maar deur vertrou in die folterdood en opstanding van Yeshua word ons deur Vader-God aanvaar as kinders wat mondig geword het en dus al die voorregte van 'n erfgenaam deelagtig is!

Maar nou ontvang ons deur vertrou 'n nuwe gids (tugmeester), naamlik die Afgesonderde Gees wat ons leer, herinner en kragdadig in ons werk om in alles aan Vader gehoorsaam te wees. Dit is nie meer ons nie, maar die Gees in ons!!

Maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees wat Afgesonderd is, wat My Vader in My Karakter en Outoriteit sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 14:26

Die Gees is die Bevryder en Lewegewer wat ons herinner dat ons vrygespreek is van die geskrewe wet aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons Vader nie meer volgens die letter van die geskrewe wet dien nie, maar as slawe van wat nuut is uit die Gees!

Maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie. Rom. 7:6.

Ons was voorheen 'n slaaf (onder die gesag) van Torah gewees wat ons beheer het, maar nou is ons slawe (onder die gesag) van die Afgesonderde Gees wat ons leer en lei.

Paulus verduidelik dit ook soos volg in 2Kor. 3:5-6:

5 Nie dat ons uit onself genoeg is om enige iets van onself te dink nie, maar ons krag is uit God,

6 wat ons waardig gemaak het om bedienaars van die nuwe verbond te wees, nie deur wat geskryf is nie, maar deur die Gees, want die geskrewe woord maak dood, maar die Gees gee lewe.

Onthou wat Vader-God belowe het! Deur die profeet Esegïel het יהוה belowe dat Hy aan ons 'n nuwe gees in ons binneste sal gee. Ons sal 'n besnydenis van die hart ondergaan sodat ons volgens Sy Torah **sal wil en sal kan lewe**.

19 en Ek sal aan hulle een verstand, wil en emosie en 'n nuwe gees in hulle binneste gee en Ek sal die verstand, wil en emosie van klip uit hulle vlees verwyder en aan hulle 'n verstand, wil en emosie van vlees gee

20 sodat hulle in My instellings kan leef en My wette kan hou en dit doen. Dan sal hulle My volk wees en Ek sal hulle God wees. Eseg. 11:19-20

Daar sal 'n innerlike verandering plaasvind wat uitwendig sigbaar sal wees. Dit alles vind plaas by wedergeboorte en vulling met die Afgesonderde Gees:

25 dan sal Ek skoon water op julle sprinkel en julle sal skoon wees; Ek sal julle van al jul vuilheid en van al jul afgode reinig.

26 Verder sal Ek vir julle 'n nuwe verstand, wil en emosie gee en 'n nuwe gees in jul binneste en Ek sal die verstand, wil en emosie van klip uit julle vlees wegvat en vir julle 'n verstand, wil en emosie van vlees gee.

27 Ek sal My Gees in julle sit en julle in My instellings laat loop en julle sal versigtig wees om My wette na te kom. Eseg. 36:25-27.

Hierdie profesie het deur vertrou in Yeshua as Die Gesalfde Een tot redding waar geword!

Opsommend: Dit is in die lig van alles wat tot nou bespreek is wat Paulus die vraag in Gal. 4:21 vra:

Julle wat onder die geskrewe wet wil wees, sê vir my, verstaan julle nie wat die geskrewe wet sê nie?

Die geskrewe wet sê vir ons dat onder die ou verbond was almal slawe van Torah en skuldig en dus in gevangenskap, want dit was die bediening van die dood:

7 As die bediening van die dood, die geskrewe woord wat op klippe gegraveer is, in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid gekom het sodat die seuns van Yisra'el nie kon kyk na die gesig van Moshe nie as gevolg van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid op sy gesig, wat verbygaan,

8 hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid wees nie? 2Kor. 3:7-8.

Onder die nuwe verbond is ons dus bedienaars van die Gees wat lewe gee en waar die Gees is, is daar vryheid!

יהוה is die Gees en waar die Gees van יהוה is, daar is vryheid. 2Kor. 3:17.

Sarah en Hagar, Sinnebeeld van Twee Verbonde

Hierdie vryheid verduidelik Paulus deur Sarah en Hagar as voorbeeld van die ou- en die nuwe verbond te gebruik (Gal. 4:22-31).

22 Want daar is geskrywe: “Avraham het twee seuns gehad, een vanuit ’n slavin en een vanuit ’n vry vrou,

23 maar hy wat vanuit die slavin gebore is, is na die vlees gebore, maar die een vanuit die vry vrou deur die belofte.

24 Hierdie is ’n illustrasie van twee verbonde: een, wat kom van die berg Sinai, wat geboorte gee in slawerny: dit is Hagar,

25 want Hagar staan vir die berg Sinai wat in Arabië is en oorgee aan die Yerushalayim van nou, wat saam met haar kinders in slawerny is,

26 maar daardie Yerushalayim is die vry vrou: wat ons almal se moeder is,

27 want daar is geskryf: “Verbly jou, onvrugbare wat nie voortbring nie! Breek uit en roep, jy wat geen geboortepyne het nie, want die kinders van die verlatene is meer as van haar wat begunstig is!”

28 Ons, my broers, is egter net soos Yitz’gak, kinders van die belofte

29 en net soos toe hy wat na die menslike natuur gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, net so is dit ook nou,

30 maar wat sê die Skrif? ‘Gooi die slavin en haar seun uit, want die seun van die slavin sal nie saam met die seun van die vry vrou erf nie’.

31 Ons is daarom, my broers, nie kinders van die slavin nie, maar van die vry vrou.

In hierdie vergelyking maak Paulus gebruik van:

- Twee vroue – Hagar en Sarah.
- Twee seuns – Ismael en Isak.
- Twee verbonde en twee berge.
- Twee stede.

Hagar, en Ismael wat volgens die vlees gebore was, is ‘n sinnebeeld van die ou verbond en getuig van die mens se eie pogings om aan יהוה se Torah gehoorsaam te wees! Hagar is ‘n sinnebeeld van die geskrewe wet en Ismael ‘n sinnebeeld van die vleeslike werke van die wet tot onpartydige opregtheid (geregtigheid), maar wat Paulus beskryf as die wet van die sonde en van dood (Rom. 8:2). Hagar word vergelyk met die berg Sinai wat geboorte gee in slawerny en is verteenwoordigend van die huidige (aardse) Jerusalem wat saam met haar kinders in slawerny is (Gal. 4:24)!

Sarah, en Isak wat volgens die belofte gebore was, is ‘n sinnebeeld van die nuwe verbond en getuig om deur vertroue in Yeshua aan יהוה se Torah gehoorsaam te wees! Sarah is ‘n sinnebeeld van die Torah van die Gees van Lewe wat in Yeshua is (Rom. 8:2) – ‘n sinnebeeld van יהוה se onverdiende guns. Isak is ‘n sinnebeeld van die vryheid van die werke van die wet tot onpartydige opregtheid – ‘n sinnebeeld van vertroue tot onpartydige opregtheid en om

deur die Gees geheilig (afgesonder) te word. Beide is 'n sinnebeeld van Golgota en die hemelse Jerusalem en 'n nageslag wat deur wedergeboorte bevry is van die vloek van die wet (Gal. 3:13; Gal. 4:26) en wat nie volgens die vlees lewe nie, maar wel volgens die Gees (Gal. 5:16-18).

16 Ek sê: “Leef deur die Gees, dan sal julle nooit deur die begeertes van die menslike natuur gevang word nie,

17 want die menslike natuur begeer die teenoorgestelde as die Gees en die Gees die teenoorgestelde as die menslike natuur. Hulle staan teenoor mekaar sodat julle nie kan doen wat julle wil doen nie,

18 maar as julle deur die Gees gelei word, is julle nie onder die wet nie,

Ons het ook nie die Afgesonderde Gees deur die werke van die wet ontvang nie, maar alleenlik deur vertrou in die belofte wat ons gehoor het (Gal. 3:2).

Die geskrewe wet kon nie vir Hagar van die slawejuk bevry nie en kon ook nie vir Ismael die erfgenaam volgens die belofte maak nie. Daarom skryf Paulus in Gal. 4:30 –

Gooi die slavin en haar seun uit, want die seun van die slavin sal nie saam met die seun van die vry vrou erf nie.

Paulus sluit sy vergelyking van die twee verbonde af met hierdie woorde:

Ons is daarom, my broers, nie kinders van die slavin nie, maar van die vry vrou. Gal. 4:31.

Om aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervul is, naamlik die Torah van die nuwe verbond, gehoorsaam te wees, is dus alleenlik deur vertrou en onverdiende guns. Deur uit eie krag te probeer om aan יהוה se Torah gehoorsaam te wees, is dus om terug te keer tot die slawerny van onder die tugmeester van die wet te wees! Gehoorsaamheid aan יהוה se Torah van die nuwe verbond is onverdiende guns gedrewe en nie verdienste op grond van gehoorsaamheid gedrewe nie!

Andrew Murray, verwysend na die Galasiërs, verduidelik dit soos volg:

They had forgotten that, just as faith was the sole means to God's grace in the beginning, so, the progress of the divine life is alone by faith, day by day receiving its strength from Christ alone – that in Jesus Christ nothing avails but faith working by love.

Nearly every believer makes the same mistake as the Galatian Christians. Very few learn at conversion that it is only by faith that we stand and walk and live. They have no idea of Paul's teaching about being dead to the law, freed from the law, and about the freedom with which Christ makes us free. “As many as are led by the Spirit are not under the law.” Regarding the law as a divine ordinance for our direction, they consider themselves prepared by conversion to take up the fulfillment of the law as a natural duty. They do not know that in the New Covenant the law written in the heart needs unceasing faith in the divine power to enable us by that power to keep it. They cannot understand that it is not to the law but to a living Person that we are now bound, and that our obedience and holiness are only possible by the unceasing power ever working in us. It is only when this is seen that we are truly prepared to live in the New

Covenant. (The Believers New Covenant, The two Covenants – In Christian Experience).

Opsommend: Dit is alleenlik deur vertrou, onverdiende guns en die Afgesonderde Gees wat ons יהוה se Torah van die nuwe verbond kan gehoorsaam. Indien ons dit uit eie krag, naamlik deur ons werke probeer doen, dan kanselleer ons יהוה se onverdiende guns en is ons terug onder die vloek van die wet! Ons is losgekoop van die werke van die wet en tot vertrou geroep dat ons in Yeshua deur die Afgesonderde Gees in alles gehoorsaam sal wees. Dit is die onverdiende guns van die nuwe verbond! Daarom sê Paulus aan die gemeente in Galasië:

Staan daarom vas in die vryheid waarmee Die Gesalfde Een ons vrygemaak het en moenie weer in die juk van slawerny gejuk word nie. Gal. 5:1.

Maar hy waarsku ook dat ons vryheid nie aanleiding moet gee vir die begeertes van die vlees nie (Gal. 5:13).

Ons verhouding met יהוה is nie prestasie gedrewe nie, maar wel vertrou en onverdiende guns gedrewe. Ons redding en afgesonderdheid is alles vertrou en onverdiende guns! Dit is die vertrou dat Vader-God deur Sy Afgesonderde Gees dit sal doen wat uit eie krag weens die sondige vlees, onmoontlik is.

Ons is vry van die skuldslas en die gewetenslas van ongehoorsaamheid en ons is vry van die vleeslike pogings om aan יהוה se Torah gehoorsaam te wees.

15 Ek doen daarom moeite om ook aan julle wat in Rome is, die goeie boodskap te verkondig,

16 want ek skaam my nie oor die goeie boodskap nie, want dit is die krag van God tot lewe vir elkeen wat aanhou om daarin te vertrou, of dit eerstens vir die Jood is of vir die ander nasies.

17 Daarin word die onpartydige opregtheid van God openbaar deur vertrou tot vertrou volgens wat geskryf is: “Die regverdige sal vanuit vertrou lewe.” Rom. 1:15-17

-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.